

Ds Matie van Niekerk

Hy was eintlik nog te jonk, ja, maar verskeie mense het die afgelope tyd gesê as hulle kan sterf soos Matie gesterf het, sal dit goed wees. Ek sê: Dit sal ook goed wees as ons kan leef soos Matie geleef het. Met oorgawe. Toegewyd. Opreg. Hulpvaardig. Positief. Op alle terreine: geloof, gesin, beroep, kerk, sport (én sports!), oral... Hy het nie net baie gepraat nie, hy het baie gedoen ook.

Ons het ons teologiese studies saam op Stellenbosch klaargemaak in 1981, toe mekaar weer in Johannesburg raakgeloop waar ons albei gewerk het. Ek is 1989 Port Elizabeth toe in sinodale diens en met Matie in Graaff Reinet as polisie-kapelaan, het ons kontak behou. Steeds in diens van die SAPD het hy later in Port Elizabeth kom werk en het ingeskakel by Kraggakkamma-gemeente – waar ek en hy as vriende en kollegas `n besonderse goeie verhouding gehad het. Dit was my voorreg om saam met hom "Op Pad vir Christus" te wees. Selfs ook in diens van die Bybelgenootskap – ek was die Voorsitter toe hy daar begin werk het.

Matie was `n maatjie wat gemis sal word...

[Ingestuur deur Dr Leon M Steenkamp]